DIE PROSES VAN LEWENS= VERANDERING

ARNO & MARIANNE CLAASSEN

'N VARS NUWE DENKE OOR GEMEENTEWEES! (DEEL 10)

© KOPIEREG 2010

ARNO & MARIANNE CLAASSEN
LIFEWISE CONSULTANTS

UITGEGEE DEUR:

LIFEWISE UITGEWERS
ABSA, Takkode – 334 645
Rekening nommer: 9211 621 868

POSBUS 31288
WONDERBOOMPOORT, 0033

(012) 335 7571
Arno Claassen- 082 460 3024
Marianne Claassen - 082 412 7000

arno@lifewise.co.za

www.lifewise.co.za

DIE REGTE VAN DIE GESKRIF SOOS HY IS, IS IN DIE HANDE VAN DIE SKRYWER. ENIGE LESER WORD AANGEMOEDIG OM DIT VIR SOVEEL MENSE AS MOONTLIK AAN TE STUUR SONDER OM DIE INHOUD DAARVAN TE VERANDER. DIE INHOUD KAN VRYLIK VERWERK WORD IN JOU EIE WOORDE EN WEER GEBRUIK WORD ONDER JOU EIE NAAM!

VOORWOORD

As ons eers vir onsself kon uitsorteer wat gemeente en dissipelskap is, is ons oor die hond se rug en besig om dinge vas te maak. Hierdie is uiters belangrike sake wat elke persoon baie duidelik vir himself moet uitsorteer. Daar is egter nog een saak wat deel is van dissipelskap wat ons ook moet bespreek, maar daar nie genoeg plek voor was in die vorige hoofstuk nie. Dit is die vraagstuk van hoe mense verander. Watter proses moet jy as mens deurgaan om by konstante lewensverandering te kom?

Ons het saamgestem dat dissipelskap oor dissipline handel in mense se lewens. Gelowiges se lewens moet verander sodat hulle lewe soos hulle Meester. Ghandi het gesê hy hou van die Christelike boodskap, maar nie van die Christene nie! Dit help nie ons praat een ding en lewe iets heel anders nie. ‘n Dissipel is ‘n volgeling van Jesus wie se lewe skyn van die realiteite van sy Meester se lewe. *Reproduksie is die enigste maatstaf van sukses*. As ons nie lewe soos Jesus gelewe het nie, het ons die hele doel van gemeentewees gemis. Die evangelie was nooit bedoel as iets wat jy potensieel oor jouself spreek, maar dit nooit lewe nie. Daar is *‘n stand en ‘n wandel*, maar die doel van die evangelie is dat ons wandel volgens die standaard van ons stand of posisie. Ons lewe moet reflekteer wie ons in onsself is. Die openbaring van ons identiteit in Christus bring juis vir ons al die potensiaal en energie om dit te lewe. As gelowiges het ons geen verskoning om soos Jesus te lewe nie. I Joh.2:7 sê duidelik hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort of moet ook wandel soos Hy gewandel het. Dit is absoluut noodsaaklik om te verstaan hoe lewensverandering plaasvind, anders gaan ons teleurgesteld wees in onsself en die evangelie!

DIE PROSES VAN LEWENSVERANDERING

Om hierdie hoofstuk mee te begin, gaan ons eers kyk na ‘n paar beginsels aangaande die lewe en lewensverandering. Ons kan nie die proses verstaan as ons nie die beginsels in die saak verstaan nie. Hierdie is seker een van die mees miskende sake in gemeentewees, want ons wil almal wonderwerke sien in lewens, maar ons gebruik die verkeerde middele en weg om dit te probeer bereik! Ons preek mense voos, maak herhaaldelike uitnodigings, doen gebede, laat mense commitments maak, laat hulle briewe teken, dryf hulle met die wet en dreig hulle selfs met vrees! Dit alles is godsdiens en maak mense moeg en teleurgesteld. Die grootste siekte wat ek in 24 jaar se bediening in mense se lewens sien, is teleurstelling. Die mense beleef nie die oorvloedige heerlikheid en oorvloed waarvan die Woord en die prediking praat nie. Hulle raak moeg in hulle strewe van maar net altyd hoop dat môre anders sal anders wees en daardie môre arriveer nooit nie!

Laat ons onsself net weer herinner daaraan dat die enigste opdrag aan die gelowiges was om te gaan en al die nasies op aarde te dissipel! Die opdrag was gegee vir ‘n tyd soos hierdie waarin ons lewe en hierdie opdrag kan uitgevoer word in die tyd waarin ons lewe. Ons is nie net geroep om die nasies te bereik nie, maar totale transformasie van lewens teweeg te bring! Die gelowiges sal in hulle eie lewens gedissipel raak deur te gaan en die ongelowiges te dissipel. Dit is dus moontlik dat mense se lewens totaal kan verander ongeag hulle verlede! As God iets beveel, is dit omdat Hy reeds ten volle vir die saak voorsien het en omdat dit heeltemal bereikbaar is. Laat ons die koninkryk bestorm totdat ons totale lewenstransformasie beleef en sien gebeur in almal se lewens rondom ons.

10.1) ALLES GAAN OOR DIE HART OF GEES!

Ons het reeds genoem dat die uniekheid van die mens is dat hy na die beeld en gelykenis van God die Vader geskape is. Dit beteken die mens is in wese ‘n geesmens, het ‘n siel en leef in ‘n liggaam. Die mens is op die aarde, maar sy oorsprong is nie van die aarde nie, maar vanuit die gees! Die mens het ‘n hart en alles in sy lewe vloei uit sy hart uit. Spreuke 4:23 sê: “Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe.” God is gees en jy kan net in ‘n verhouding met Hom staan via jou gees! Alles wat nie uit die gees gebore is nie, is uit die vlees en kan God nie behaag nie. Daar mag baie mooi dinge uit die vlees wees, maar daar is geen permanensie uit die vlees nie. Konstante lewensverandering kom uit die gees en van nêrens anders nie! Daar is net een manier om ‘n nasie te transformeer en dit is om by die gees van die mens te begin. Enigiets anders sal nie uitwerk of hou nie! Enigiets anders is slegs humanisme, menslike hervorming en beskaafdheid!

God bou Sy koninkryk op die kondisie van die mens se hart! Enige ander proses gaan jou besig hou vir ‘n tyd, maar uiteindelik teleurstel. Luk.17:21 sê die koninkryk van God is in jou! ‘n Koninkrykslewe kan net vanuit die gees van die mens gelewe word. Ons praat van dissipelskap en dissipline, maar ‘n ware dissipel is nie net ‘n persoon met ‘n klomp uiterlik geforseerde dissiplines op sy lewe nie. Dit is niks anders as godsdiens en wettisisme nie. Dissipelskap is om die dissipline te lewe wat alreeds in jou gees ingebou is en dit vry te stel met die werking van die Heilige Gees in jou siel en liggaam. Frustrerende godsdiens is om ‘n klomp reëls op mense af te forseer van buite af, omdat dit verwag word dat goeie mense so sal lewe! God verwag nie goeie lewens van ons nie, maar goddelike lewens!

10.2) NET JESUS KAN DIT LEWE!

God verwag van die mens ‘n volmaakte lewe van liefde teenoor Hom as God en teenoor ons medemens. Die mens Adam was geskape om hierdie lewe uit sy gees te leef, maar kon dit net doen solank as wat hy in die teenwoordigheid van sy Skepper gelewe het. Met die sondeval het Adam se verhouding met God in die slag gebly en kon hy nie meer daardie lewe leef nie, want hy het kontak met die bron daarvan verloor. Jesus het aarde toe gekom en bewys dat daardie perfekte lewe van liefde as ‘n mens gelewe kan word op aarde. Met die kruis en opstanding het Jesus vir alles betaal wat negatief teen die mens getel en sy gees in duisternis gehou het. Nou kan hy God weer hoor, verstaan en in ‘n verhouding met Hom tree. Wannneer die mens nou tot bekering kom, ontvang hy die Heilige Gees in hom wat niks anders is as die Gees van Christus nie. Nie net kom ons weer in verhouding met God as bron nie, maar die bron self kom woon in ons! Ons hoef niks uit onsself te produseer nie, want die volmaakte lewe woon in ons en het ons lewe geword. Al wat ons nou moet doen, is om dit te sien en gedissiplineerd uiting daaraan te gee!

Die mens kan nie uit sy eie en op sy eie die lewe leef wat beskryf kan word as die lewe van ‘n ware dissipel nie. God vra ons egter om dit ten volle te leef, omdat Hy ons deur die Woord en Heilige Gees nou in staat stel om dit te kan doen! Die goddelike lewe is ‘n onmoontlike lewe vanuit onsself, maar ‘n absolute realiteit deur die Woord en Heilige Gees! Die lewe van volmaakte liefde is onmoontlik vanuit onsself, maar die liefde van God is in ons harte uitgestort deur die inwoning van die Heilige Gees – Rom.5:5. Alles wat ons nodig het, is in die gees. Ons het net dissipline op die siel en liggaam nodig, sodat dit kan

uitvloei na buite! Die dissipline in dissipelskap is nie om die produk te produseer nie, maar om die vlees onder beheer van die gees te bring.

10.3) MOTIVERING

Om te verander is vir die meeste mense ‘n radikale gebeurtenis, want hulle moet nou iets teenoorgestelds begin lewe as waaraan hulle gewoond was. Motivering is baie belangrik in verandering en daar is basies net drie redes vir verandering:

- Straf
- Beloning
- Innerlike motivering

By geleentheid kan jy beslis straf en beloning gebruik om mense te motiveer, veral met kinderopvoeding, maar in die volwasse en geestelike wêreld is net innerlike motivering uit die gees suksesvol. As iets jou nie van binne dring en dryf nie, sal jy nie gemotiveerd wees vir verandering en boonop daarby bly nie! Die werking van die Heilige Gees in die gees van die mens is die enigste konstante motivering wat altyd daar is en voldoende is vir enige situasie! Ons sien dus dat die **drie belangrikste faktore** in verandering tot dusver is:

- die Woord (Jesus Christus),
- die Heilige Gees en
- die gees van die mens!

Suksesvolle dissipelskap sal dus hierdie drie baie duidelik moet bevat vir suksesvolle lewensverandering! God se proses van lewensverandering is nie so moeilik,

ingewikkeld en onmoontlik as wat die meeste mense dink nie!

10.4) SPIEëLBEELD FELLOWSHIP

As dit by lewensverandering kom, is daar een skrifgedeelte in die Woord wat baie duidelik daaroor is. II Kor.3:18 En terwyl ons almal met *onbedekte gesig* soos in ‘n *spieël* die heerlikheid van die Here aanskou, word ons *van gedaante verander* na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat *die Gees* is. Dit is van kardinale belang dat ons hierdie skrifgedeelte reg sal verstaan, anders sal konstante lewensverandering ons gedurig ontwyk! Kortliks sien ek die volgende hier:

Daar was ‘n Ou Testament waar die mens gesluier was en nie die genade van God gesien het nie. Die dood van Jesus Christus het betaal dat ons nou sonder ‘n sluier kan insien in die verborgenhede van die Woord. Wanneer ons die Woord lees, is dit soos om in ‘n spieël te kyk, want Jesus is die Woord van God wat die aangesig van die Vader openbaar. Wanneer ons in die spieël van die Woord kan kyk en die heerlikheid van die Vader in die spieël kan sien, vind daar ‘n outomatiese verandering plaas in die praktyk na dieselfde heerlikheid deur die werking van die Heilige Gees. Jesus is ons broer en ons het soos Hy geword. As jy in die spieël van die Woord kyk, sien jy die heerlikheid van die Vader, en dan begin lewensverandering plaasvind.

In ander woorde kan ons sê dat die verandering in die vlees (siel en liggaam) begin plaasvind wanneer jy met onbedekte gesig jouself in die beeld van Jesus kan sien. Verandering begin wanneer jy jou eie identiteit begin sien wat vasgelê is in jou gees! Alles is in die gees, maar jy kan

dit eers beleef nadat jy dit gesien het in jou gees! Hier sien ons maar net weer die belangrike komponente van die Woord, Heilige Gees en die gees van die mens wat in interaksie met mekaar moet kom. My veronderstelling is ook dat die betrokke persoon gewillig is om die verandering wat uit sy gees vloei, toe te laat om die res van sy siel en liggaam te laat deurvloei. God het alles klaar bewerk in ons gees, maar ons moet dit uitwerk in ons siel en liggaam – Fil.2:12-13.

10.5) DIE 4 FASES VAN MENTORSKAP

In die proses van mentorskap word daar 4 fases onderskei om mense tot suksesvolle reproduksie te bring:

- Ek doen en jy kyk;
- Ek doen en jy help;
- Jy doen en ek help;
- Jy doen en ek kyk!

Hierdie is baie eenvoudig en spreek van dit waarvan ons praat. Daar is net een manier om mense suksesvol op te rig, sodat hulle kan doen wat jy doen, en dit is praktykopleiding. Hulle moet blootstelling kry aan wat jy doen, jou begin help om dit te doen, dit self begin doen en uiteindelik alles oorvat by jou! Ek dink nie ons het ons gemeentewees so ingerig dat ons werklik hierdie proses met gemak kan laat plaasvind nie. In tradisionele gemeentewees grawe leiers hulle so in in posisies en rolle asof hulle lewenslank daarin gaan wees. Sukses is reproduksie, en dit beteken daar is baie wat by jou kan oorneem en dit moet so vinnig as moontlik gebeur!

10.6) WAARDES

'n Verdere belangrike begrip in die proses van lewensverandering is waardes. Mense leef nie noodwendig volgens preke, toesprake en selfs beginsels nie, maar volgens waardes! Volgens I Joh.1:1-2 glo ek 'n waarde word gevestig deur die volgende:

- gehoor, (beginsels)
- gesien, (voorbeeld)
- aanskou / beleef en (ervaring)
- getas / gehanteer het. (verantwoordelikheid)

Die ouerhuis is die beste plek waar waardes vasgelê word, want daar het hulle met jou gepraat oor wat jy moet doen, jy het gesien hoe ander mense dit doen, jy het dit self ervaar en later het jy verantwoordelikheid opgeneem om toe te sien dat dit gedoen word. Waardes word nie net deur hoor en sien gevorm nie, maar ook deur dit te beleef en self verantwoordelikheid daarvoor op te neem. Mense weet dikwels presies wat reg is, maar as daar 'n verkeerde waarde vasgelê is, sal dit die morele oortuiging oorrompel. Die manier hoe mense deur die jare geleer het om spanning te hanteer met kos, sigarette, dwelmmiddels en aggressie is baie diepgewortelde patrone wat weens die herhaaldelike doen daarvan waardes geword het. Jy dink nie eers daaroor nie, want alles in jou is al so geprogrammeer om dit op 'n sekere manier te doen.

Hierdie beginsels bevestig maar net weereens aan ons dat die enigste effektiewe opleiding, praktykopleiding is, waar mense *blootgestel* word aan die ware saak en daar van hulle verwag word om *verantwoordelikheid* daarvoor op te neem! Lewensverandering vind nie in klaskamers plaas en in teoretiese lesingsituasies nie! Hoe moeilik dit ookal is vir

ons om dit te erken, dit bly die waarheid. Hieronder geld ook preke, want die feit dat die lesing uit die Bybel kom, maak nie nou skielik die oneffektiewe middele effektief nie. Prediking het sy plek om mense op te roep tot ‘n verhouding met die Vader, maar is nie effektief in lewensverandering nie.

10.7) DIE PROSES VAN TRANSFORMASIE:

HART GEDAGTES BESLUITE DADE

LEWENSSTYL WAARDE GEWOONTES

Die proses van lewensverandering of transformasie vind plaas soos hierbo uiteengesit. Die hele proses moet gevolg word om by lewensverandering uit te kom.

- Alles begin in die hart of gees van die mens wanneer die Woord van God die **gees** van die mens wakker maak en God die Vader se stem duidelik daarin kommunikeer. Alles begin by die Vader se openbaring van Homself deur die Woord in die gees van die mens. Daarsonder is alles net menslike prosesse.
- Daarna registreer die Vader se stem in jou verstand en moet jy jou eie **gedagtes** aanpas by God se gedagtes. Dit is waar Rom.12:2 sê dat ons verander word deur die vernuwing van ons gemoed! Verandering begin waar ons ons gedagtes in gehoorsaamheid bring onder die gedagtes van die Woord. Dit is egter nog nie die einde van die proses nie.
- Wanneer jy nou duidelikheid in jou verstand het oor die Vader se hart en wil aangaande jou lewe, moet jy dit nou opvolg met sekere duidelike **besluite** oor

wat jy alles daaromtrent gaan doen. Sonder besluite gaan jy net nuwe insigte hê en geen vordering nie.

- Vyf voëltjies het op die draad gesit en drie besluit om weg te vlieg. Hoeveel voëltjies bly oor? Nie twee nie, maar vyf, want hulle het net besluit om weg te vlieg en dit nog nie gedoen nie! Dit is baie belangrik dat mense besluite neem, maar opsigself is dit ook nog nie die einde van die proses as dit nie opgevolg word met definitiewe **dade van gehoorsaamheid** nie! Dit is hier waar die meeste pap op die grond val, want ons praat maklik oor goed, neem selfs besluite, maar voer dit nooit uit nie. Die rede hoekom mense hierdie fase gerieflikheidshalwe oorslaan, is omdat dit die aktiewe samewerking van die wil vra. Dit is makliker om maar op die punt te doen soos die emosie aan jou voorstel, in plaas daarvan om jouself te aktiveer, jou wil aan God se wil te onderwerp en te doen wat Hy van jou vra!
- Jy kan selfs so ver gaan om te doen wat jy besluit het, maar as jy nie daarby bly om dit herhaaldelik te doen nie, sal dit nooit in ‘n **gewoonte** (habit) ontwikkel nie. Navorsing sê dat jy iets minstens 40 keer moet doen voordat dit ‘n gewoonte sal word. Die beste manier om in ‘n gewoonte te kom is om dit wat jy glo aanhoudend te doen en dit veral vir ander mense te doen. Jy moet uit jou eie wêreld uitbreek en lewe in die teenwoordigheid van ander mense en hulle begin bedien met dit waarin jy glo.
- Wanneer ons ‘n gewoonte koester in ons lewe, word dit later ‘n **waarde**. Waardes is vasgelegde gewoontes wat so geïnternaliseer is dat dit soos ‘n tweede natuur in jou geword het. ‘n Waarde is nie ‘n geheime lewensstyl nie, maar ‘n publieke lewensstyl wat voor en veral *vir ander mense* gelewe word. Dit is eers op hierdie punt dat ons kan praat van ‘n gevestigde lewensstyl. Die grootste faktor in

lewensstyle is ‘liefde’. Dit waarvoor jy lief is, sal jou motiveer om voor te lewe en jou lewe daarvoor aan te pas. Mense doen moeite vir dit waarvoor hulle lief is. Dit is hoekom die Woord in II Joh 6 sê dat die liefde daarin bestaan om Sy gebooie te onderhou!

Waar onderbreek die vyand dan die proses van lewensverandering sodat mense nie by die volle ervaring daarvan uitkom nie? Die proses word by die eerste vier sake onderbreek. Of daar is nie Woordopenbaring in die gees nie; of ons gedagtes is so besig met wêreldse dinge dat ons nie die openbaring registreer nie; ons vernuwe nie ons gemoed nie; ons maak nie definitiewe besluite nie en ons rond dit nie af met definitiewe dade van gehoorsaamheid nie!

10.8) DAVID FABRICIUS SE WOORDE:

David Fabricius was ‘n boemelaar op die strate van Durban wat in sy eie woorde nie eers die boemelaarslewe kon slaag nie. Hy het besluit dat as jy so sleg leef, kan jy maar net sowel baie goed leef en ‘n besluit gemaak om op te staan in die lewe. Toe ek hom ontmoet sewe jaar daarna was hy skatryk en ‘n opleier van top bankiers en ceo’s in die wêreld. Niks is onmoontlik vir hom wat bereid is om die proses van lewensverandering te loop. Google hom op sy website om jouself te vergewis. Sy leuse is as volg:

The three steps to success:

- The hands that you shake (people that gives input)
- The decisions that you make and
- The actions that you take!

10.9) GEHOORSAAMHEID BRING GROEI!

Die manifestering van sukses en lewensverandering val gewoonlik deur met besluite en die aktivering daarvan met dade! In vorige hoofstukke het ons reeds genoem dat ware geestelikheid uit die gees kom, maar in die praktyk gemeet word aan die mens se wil of die mate waarin gehoorsaamheid reeds geaktiveer is. Die meeste mense is baie gesteld op die beginsels waarin hulle glo en wat hulle met hulle **verstand** uitgesorteer het en is selfs bereid om daarvoor te veg. Min mense is egter bereid om hulle **wil** in nederigheid te buig, die Vader te gehoorsaam en maar net die beginsels te begin lewe eerder as om argumente daaroor te hê! Gehoorsaamheid vra ‘n prys, naamlik om jouself neer te lê en ander mense eerste te stel. Ek het nog nooit mense hoor baklei om eerste te wees om gehoorsaam te wees nie. Die tragiek in die praktyk is dat die meeste mense nie volgens hulle verstand of wil lewe nie, maar volgens hulle **emosie**! Mense lewe nie oorwegend volgens gehoorsaamheid aan die Woord nie, maar of dit lekker of nie lekker is nie. Die emosie is die mees invloedryke faktor in die siel en trek die mens die hele tyd na dinge wat vermaak, lekker is en vertroos! Gelowiges doen dinge wat heeltemal verkeerd is, doodeenvoudig omdat dit vir hulle lekker is!

Die Here soek nie die wil, verstand of emosie nie. Hy soek die dissipelskap van al drie. Dit sal egter net gebeur wannneer die wil volle beheer van die proses neem en alles in lyn bring tot ‘n volle dissipelskap. Slegs die wil kan die volle openbaring in die gees geleentheid gee om die siel en die liggaam te onderwerp. Dissipelskap gebeur nie toevallig en per ongeluk nie, maar is ‘n doelgerigte, duidelike proses met ‘n duidelike uitkoms! Mense raak nie per ongeluk gedissipel nie.

Gehoorsaamheid is dus 'n belangrike sleutel tot groei en verandering in mense se lewens! Sonder gehoorsaamheid sal openbaring in die gees geen uitvloei hê nie, sal geen lewe verander nie, sal geen nuwe waarde gevestig raak nie en sal geen lewe op die langtermyn verander nie! Die Woord self is ook nie onduidelik oor hierdie saak nie.

- 1 Sam.15:22 - Daarop sê Samuel: Het die Here behae in brandoffers en slagoffers soos in *gehoorsaamheid aan die stem van die Here?* Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme.
- Matt.7:21-23 - Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar *hy wat die wil doen van my Vader* wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!
- II Kor.2:9 - Want daarom het ek ook geskrywe om julle beproefdheid te weet, of julle *in alles* gehoorsaam is.
- Fil 2:5 - Want *hierdie gesindheid* moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was. (6) Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, (7) maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; (8) en in gedaante gevind as 'n mens, het *Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe*, ja, die dood van die kruis.
- II Kor.10:4 - want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp, (5) terwyl ons planne verbreek en elke

skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en *elke gedagte* gevange neem *tot die gehoorsaamheid aan Christus*, (6) en ons gereed hou *om elke ongehoorsaamheid te straf* wanneer julle *gehoorsaamheid volkome is*.

- 1 Pet.1:22 - As julle in *gehoorsaamheid aan die waarheid* julle *siele* deur *die Gees* tot ongeveinsde broederliefde *gereinig het*, moet julle mekaar vurig liefhê uit ‘n rein hart. (Die reiniging van ons siele, rein harte en vurige liefde word in die teksgedeelte direk verbind aan ‘gehoorsaamheid aan die waarheid’)

Gehoorsaamheid is nie die gewildste onderwerp in gemeentelewe vandag nie, maar dit wil my voorkom volgens hierdie tekste of dit een van die essensiële elemente in geestelike groei en gemeentewees is. As ons dit wegvat, ontneem ons gemeentewees van sy hele doel tot bestaan, want sonder gehoorsaamheid gaan ons definitief ook nie die groot opdrag uitvoer nie! Daar mag wel verskillende maniere wees waarvolgens ons gehoorsaamheid hanteer en waarvolgens ons met mense werk aangaande die saak, maar die punt bly staan: gehoorsaamheid is een van die primêre elemente van die evangelie! Gehoorsaamheid het ‘n wettiese saak geraak, omdat ons as mense dit op ander afforseer, maar wanneer gehoorsaamheid vanuit genade benader word, word dit geloofsgehoorsaamheid genoem en het dit ‘n heeltemal ander karakter! – Rom.1:5.

Geloofsgehoorsaamheid is gehoorsaamheid wat gebore word uit die openbaring van die Vader se geloof in ons weens die werk van die kruis en die opstanding. Jy kan op ‘n wettiese manier gehoorsaamheid uit iemand se siel wurg en forseer, of jy kan vanuit die mens se gees ‘n oortuiging in sy siel laat invloei wat hom lus sal maak om die Vader te

gehoorsaam! Gehoorsaamheid aan die stem van die Vader is ‘n primêre saak in die Woord; jy kan dit of wetties doen of binne die gees van genade. In die volgende hoofstuk gaan ek jou wys hoe jy absolute gehoorsaamheid saam met absolute verantwoording kan laat plaasvind tussen mense, sonder dat dit ooit ‘n wettiese strydpunt word!

10.10) GETUIENIS EN GEE BRING GROEI!

Na alles wat ons gesê het, bring dit ons by die laaste punt in die hoofstuk. Groei kom deur verantwoordelikheid op te neem en deur gehoorsaamheid, maar daar is eksponensiële groei vir hulle wat uitgee aan ander. Soms kan die Here nie vir jou nog meer gee voordat jy nie eers weggegee het wat jy het nie. Dit is die *beginsel van saai en maai!* Hoe meer jy weggee in die lewe, hoe meer kom weer na jou toe terug. Ons lewe egter in ‘n *verbruikerswêreld* waar mense geleer word om net te ontvang en op hulleself te spandeer. Alles gaan net oor my en my behoeftes en hoeveel ek vir myself kan bymekaarmaak. Die waarheid is egter dat hy wat omsien na ander se behoeftes, ook in sy eie behoeftes voorsien sal wees!

Die eenvoudigste vorm van gee is om *jou getuienis* met mense te begin deel. Begin net daagliks met mense praat oor wat die Here vir jou beteken. Gee dit wat in jou is vir ander. Gee vir mense hoop, lewe, ondersteuning, bemoediging, begeleiding, kos, klere, geld, tyd, jou gawes en enigiets anders wat jy het. Die koninkryk is ‘n oorvloedige plek en gelowiges is veronderstel om oorvloedige mense te wees wat oorvloedig uitdeel aan ander. Ervaring het my onomwonde geleer dat die mees volwasse mense beslis mense is wat altyd gee wat hulle

het aan diegene met nood rondom hulle. Gelowiges is bedoel om die bronne van lewe en voorsiening in die gemeenskappe te wees, maar om daarby uit te kom sal ons moet leer om elke dag te gee vir die behoefte rondom ons. Ons ken almal die beginsel dat alle lewende wesens moet inneem en uitgee, moet inasem en uitasem, moet energie inneem en ook energie uitgee na buite. Niks kan gesond wees deur net in te neem nie.

Ons kan dus saamvat deur te sê dat verandering plaasvind deurdat dit:

- Gestimuleer word deur die Woord (Jesus Christus),
- Gewerk word deur die Heilige Gees,
- Geopenbaar word in die gees van die mens,
- Gehoorsaam word in verhoudings en
- Uitgedeel word aan ander mense!

Hierdie is beslis ‘n mondvol gesê, maar die uitdaging is nou om al die beginsels saam te vat in ‘n gemeentemodel wat die praktyk hiervan gaan produseer. Dit is hierdie uitdaging wat ons in die volgende hoofstuk gaan aanpak.

OPSOMMING

1) Dit help nie ons het alles in Christus geword, maar ons is nie in staat om dit te lewe nie!

2) Reproduksie is die enigste maatstaf van sukses!

3) Die grootste simptoom van ons kerklike probleem is teleurstelling in die gelowiges se lewens. Mense beleef nie dit wat gepreek word nie!

4) God bou Sy koninkryk op die kondisie van die mens se hart!

5) Nog net Jesus het die volle koninkrykslewe op aarde gelewe! Ons kan dit net lewe deur Hom toe te laat om dit deur ons te lewe.

6) Die mens kan nie geestelik suksesvol lewe buite ‘n verhouding met God nie. God die Vader is die enigste atmosfeer waarin die mens floreer!

7) Motivering word op drie wyses bewerk:
- Straf
- Beloning
- Innerlike motivering

8) Verandering vind plaas deurdat dit:
- Gestimuleer word deur die Woord (Jesus Christus),
- Gewerk word deur die Heilige Gees,
- Geopenbaar word in die gees van die mens,
- Gehoorsaam word in verhoudings en
- Uitgedeel word aan ander mense!

9) Verandering begin by die punt waar jy jou eie identiteit in die spieël van die Woord begin ontdek!

10) Ons moet net die heil uitwerk wat God bewerk het in ons gees.

11) In die proses van mentorskap word daar 4 fases onderskei om mense tot suksesvolle reproduksie te bring:

- Ek doen en jy kyk;
- Ek doen en jy help;
- Jy doen en ek help;
- Jy doen en ek kyk!

12) Waardes word gevestig deur die volgende:

- gehoor, (beginsels)
- gesien, (voorbeeld)
- aanskou / beleef en (ervaring)
- getas / gehanteer het. (verantwoordelikheid

13) Die proses van transformasie is as volg:

HART GEDAGTES BESLUITE DADE

LEWENSSTYL WAARDE GEWOONTES

14) Drie stappe tot sukses:

- The hands that you shake (people that gives input)
- The decisions that you make and
- The actions that you take!

15) Gehoorsaamheid is ‘n uiters belangrike sleutel tot groei en verandering in mense se lewens!

16) Mense wat nie uitdeel nie stagneer in hulleself en groei nie verder nie.